

ling in die gangbare kultuurhistoriese omgang met gemeentes se verhare. Alhoewel die boek 'n groot bydrae tot die bestudering van die breëre Suid-Vrystaatse geskiedenis lewer, is kerkgeskiedenis in die eerste instansie teologie. En met hierdie publikasie lê die skrywer 'n belangrike bousteen vir die latere beskrywing van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Vrystaat se verhaal. Lidmate van Fauresmith se Nederduits Gereformeerde Kerk en inwoners van die dorp, asook studente in die verskillende velde van die geskiedenis, sal hier 'n waardevolle wegwyser vind.

Ds J J Lubbe.

Martin Winter

DAS VERMÄCHTNIS JESU UND DIE ABSCHIEDS-
WORTE DER VÄTER. GATTUNGSGESCHICHTLICHE
UNTERSUCHUNG DER VERMÄCHTNISREDE IM BLICK
AUF JOH. 13-17.

Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht, 1994.

Hierdie studie wat in 1992 as *Habilitationsschrift* aan die Augustana Hochschule in Neuendetrelsau ingelewer is, het as doel 'n deeglike ondersoek van die genre van Joh 13:1-17:26 — veral in die lig van die Joodse tradisie in hierdie verband. In die voorwoord vermeld Winter dat hy die studie aanvanklik vanuit 'n *literarkritische* oogpunt begin het, maar mettertyd besef het dat dit te 'n smal basis bied en dat 'n *gattungskritische* ondersoek absoluut noodsaaklik is.

Die studie word in drie dele verdeel:

- Hoofstuk 1 word gewy aan 'n oorsig van die navorsing wat relevant is (veral die navorsing in verband met die sogenaamde "testament"-genre), asook 'n uiteensetting van die vraagstelling en merode wat gevolg word.
- Hoofstuk 2 (die langste hoofstuk) word gewy aan 'n deeglike en gedetailleerde ondersoek van talle voorbeelde van afskeidsgesprekke (of *Vermächtnisreden* soos wat Winter verkies om dit te noem) uit die Ou Testament, Ou-Testamentiese apokriewe en Ou-Testamentiese pseudepigrawe.
- Hoofstuk 3 bestaan uit 'n *literarkritische* en *gattungskritische* ondersoek van Joh 13:1-17:26. Laasgenoemde geskied teen die agtergrond van die resultate van die navorsing in hoofstuk 2.

Hierdie studie verteenwoordig onteenseglik 'n baie belangrike bydrae tot die ondersoek van Joh. 13:1-17:26. Die belangrikste winspunte is die volgende:

1. Vir die eerste keer het ons 'n werklik deeglike studie van die genre van Joh 13:1-17:26. In sy studie het Winter talle aannames van vroeëre studies korrek bewys, maar ook aangetoon dat baie stellings nie korrek is nie. In dié verband kan veral gewys word op die feit dat Winter 'n stelling van Von Nordheim dat die testamentgenre sterk deur die wysheidsliteratuur beïnvloed is, op 'n oortuigende wyse as eensydig afgewys het. Hy het ook aangetoon dat Kolenkow se poging om alle afskeidsgesprekke in twee tipes in te deel, nie korrek is nie.
2. Vir die eerste keer is die genre van die sogenaamde "afskiedsgesprekke" op 'n werklik breë basis ondersoek. Navorsers was geneig om slegs te konsentreer op die *Testamente van die Twaalf Patriarge* — 'n uitgangspunt wat (soos Winter goed aantoon) tot bepaalde skeeftrekkinge aanleiding gegee het.
3. Winter hanteer die verhouding tussen individuele teks en tekstipe op 'n kundige wyse. Hy toon aan dat 'n mens nie sonder meer uitsprake oor 'n genre (in algemene sin) kan maak sonder om ook die historiese konteks waarbinne sekere individuele eksponente ontstaan, in ag te neem nie.
4. In sy hantering van Joh. 13:1-17:26 slaag Winter baie goed daarin om ruimte te maak vir die wyse waarop die Afskeidsgesprekke kenmerkende eienskappe van die *Vermächtisreden* vertoon, maar tog ook sekere unieke aspekte het — veral ten opsigte van die unieke christologiese konsentrasie in hierdie gedeelte.
5. Die enigste punt van kritiek: Winter beweer dat Joh. 13:1-17:26 die hermeneutiese en teologiese sentrum (*Mitte*) van die Johannesevangelie is. Myns insiens is so 'n stelling aanvegbaar.

Saamgevat: Winter se studie is 'n baie belangrike bydrae tot die voortgaande diskussie rondom Joh 13:1-17:26 en verdien beslis om gelees te word.

Prof D F Tolmie.

Andreas J Köstenberger
**THE MISSIONS OF JESUS AND THE DISCIPLES
ACCORDING TO THE FOURTH GOSPEL. WITH
IMPLICATIONS FOR THE FOURTH GOSPEL'S PURPOSE
AND THE MISSION OF THE CONTEMPORARY CHURCH.**

Grand Rapids: Eerdmans. 1998. 271 pp.

This book is a revision of Köstenberger's doctoral dissertation, completed in 1993 under Prof. D.A. Carson at Trinity Evangelical Divinity School.

In the first chapter Köstenberger presents a detailed survey of the state of research on mission in the Fourth Gospel, thereby indicating several limitations in the studies devoted to mission in the Fourth Gospel thus far.

In the second chapter he presents a discussion of the foundations on which he wants to base his research. This is divided into three issues:

1. Linguistic foundations (in particular a semantic field approach);
2. Definitional foundations (Mission is defined as "the specific task or purpose which a person or group seeks to accomplish, involving various modes of movement, be it sending or being sent, coming and going, ascending and descending, gathering by calling others to follow, or following" p.41);
3. Literary foundations (in particular, Köstenberger decides to approach the text as a literary whole).

In the third chapter Jesus' mission in the Fourth Gospel is carefully considered. Köstenberger concludes that the evangelist's overall purpose is to demonstrate that Jesus is the Messiah and Jesus is therefore presented in the following roles: The Sent Son, the Coming and Returning One, and the Eschatological Shepherd-Teacher.

In the fourth chapter Köstenberger discusses the mission of the disciples according to the Fourth Gospel. In this regard he points out the differences and parallels between the disciples' mission and that of Jesus.

In the last chapter he addresses the implications of his study for the interpretation of the Fourth Gospel and for the mission of the contemporary church. With regard to the first issue, he tentatively

proposes that the primary purpose of the Gospel was missionary. With regard to the second issue his most important proposal is that the Fourth Gospel does not teach an "incarnational model" for missions, but presents the nature of Jesus' relationship to his Sender as the model for the church's mission.

To my mind this book is an important addition to Johannine research and therefore it should be read — not only by Johannine scholars, but also by scholars/persons involved in missionary work. Although one cannot agree with everything Köstenberger writes (for example, I am not convinced that the Fourth Gospel's purpose can be described primarily as missionary) the careful and systematic way in which he presents his basic thesis makes for good reading. No future study on any aspect of mission in the Fourth Gospel could ignore this book! Furthermore, the fact that he is not content to stay within the comfortable surroundings of a mere academic discussion, but ventures to make practical suggestions for the mission of the contemporary church, is noteworthy. Perhaps more scholars should try this!

Prof D F Tolmie.

I D Krüger & P A Verhoef
PREDIKING EN PREKE.

Stellenbosch: Uitgegee deur die skrywer, 1998.

Gelukkig is hierdie publikasie van die geliefde prof P A Verhoef nie net 'n preekbundel nie. Die boek word ingelei deur inleidende kantaantekeninge oor die prediking uit die Ou Testament. Teen die agtergrond van 'n duidelike krisis rondom die prediking (bls. 8-9) word duidelike merkers vir prediking uit die Ou Testament aangedui. Prediking moet proklamasie van die Woord wees (bls. 3) en dit moet 'n eskatologiese uitsig op die toekoms gee (bls. 5-6). Só 'n benadering, wat Skrifgedeeltes as betroubare waarhede vertolk, staan in skrilte kontras met die post-moderne benadering tot die prediking, met sy relativisering van waarheid (bls. 10-11).

Omdat die prediker die waarheid uit die Skrif so getrou as moontlik wil weergee, bly eksegese fundamenteel belangrik (bls. 12-14). Voeg daarby dat die prediking teologies houdbaar moet wees